

VAN STAMVERWANTE BODEM DIE REMBRANDT-TENTOONSTELLINGS

deur

J. PLOEGER

DIE Nederlandse kunstwêreld staan vanjaar ongetwyfeld in die teken van 'n drietal tentoonstellings wat weer die aandag sal vestig op die betekenis van die grootste skilder wat Nederland tot hede opgelewer het, *Rembrandt*, die seun van die meulenaar Harmen Gerritsz van Rijn.

Op 15 Julie sal dit 350 jaar gelede wees dat Rembrandt die eerste lewenslig aanskou het en in Amsterdam, Rotterdam en Leiden sal tentoonstellings van 'n groot aantal verteenwoordigende werke van die meester gehou word. Van 19 Mei tot 5 Augustus sal in die Amsterdamse „Rijksmuseum” skilderye en etse van Rembrandt te besigtig wees en van 18 Mei tot 5 Augustus sal tekeninge van Rembrandt in die Rotterdamse Boymansmuseum uitgestal word. Na 8 Augustus sal hierdie tentoonstellings omgewissel word. In Leiden, die geboortestad van Rembrandt, kom van 1 Julie tot 1 September in „De Lakenhal” 'n tentoonstelling van werke van leerlinge van Rembrandt soos Govert Flinck, Ferdinand Bol, Nicolaas Maes, G. Dou en A. de Gelder.

In Nederland bestaan die mening dat die genoemde tentoonstellings in Amsterdam en Rotterdam die grootste in hul soort sedert 1898 sal wees. Uit die buiteland sal kosbare werke van Rembrandt vir tentoonstellingsdoeleindes na Nederland kom. Uit Engelse versamelings, uit die museums van Glasgow, Florence, New-York en Boston sal skilderye tydelik na Nederland verhuis. Selfs uit Helsinki kom 'n skildery en tekeninge uit Australië, Duitsland, Frankryk, Oostenryk, Swede, Switserland en die Verenigde State.

Op die oomblik (eind Maart) staan die totale aantal skilderye wat vertoon sal word nog nie vas nie. In 1898 is daar 124 uitgestal, maar volgens skatting het Rembrandt ongeveer 700 skilderye vervaardig. Hiervan is vandag nog ongeveer sewentig in Nederland aanwesig. Ander is oor die lengte en breedte van die wêreld versprei terwyl verreweg die grootste deel in die loop van die eeue verdwyn het.

Behalwe dat die kunsliefhebber in ons land kan ver wag dat deeglik uitgevoerde katalogusse in verband met die drie tentoonstellings sal verskyn, publikasies wat uitermate geskik vir selfstudie en kunsonderrig in ons middelbare skole sal wees, kan ook die aandag gevestig word op 'n besondere uitgawe wat in verband staan met die feesvierings.

Deur die Amsterdamse „Rijksmuseum” is onlangs 'n voortrefflik-uitgevoerde boekie onder die titel „*Rembrandt's schilderijen in het*

Rijksmuseum" uitgegee. Hierdie werkie wat uit ongeveer 36 bladsye bestaan is die eerste van die reeks „*Facetten der verzameling*". Voorafgaande aan twee-en-dertig voortreflike afbeeldings van skilderye of dele daarvan is 'n kort inleiding van die hand van E. R. Meijer. Op die inleiding in Nederlands volg 'n Engelse vertaling.

Van die reeks „*Facetten der verzameling*" het tot op hede die volgende deeltjies verskyn: *Rembrandt's schilderijen in het Rijksmuseum, Poppenhuizen, Stad en Hof in de Nederlandse Prentkunst, Uit de Schatkamer I, Kant en Delfts Aardewerk.*

In voorbereiding is die volgende deeltjies: *Winterlandschappen, Beeldhouwkunst, Tekeningen van Rembrandt, Majolica, Uit die Schatkamer II en Scheepsmodellen.*

Te oordeel na die inhoud en uitvoering van dié deeltjies wat reeds verskyn het, kan hulle almal sonder uitsondering warm aanbeveel word.

WAT BE-OOG DIE HISTORIESE GENOOTSKAP?

- ★ Om die kennis van en belangstelling vir die geskiedenis — veral die vaderlandse geskiedenis — te bevorder.
- ★ Om die geskiedenis as wetenskap te dien.
- ★ Om jaarlikse kongresse te hou en studiegroepe te vorm.
- ★ Om ten bate van die verskillende Suid-Afrikaanse argiewe die versameling van dokumente en ander argivale materiaal aan te moedig.
- ★ Om geesdrif te wek — ook by die kind — vir wat van geskiedkundige belang in eie omgewing te vinde mag wees.
- ★ Om die belangrikheid van die historiese museumwese binne en buite die onderwys te beklemtoon.
- ★ Om mee te werk aan die voorsiening van geskiedkundige lektuur wat sowel gebeure uit die verlede as nasionale gedenkwaardighede sal toelig op so 'n wyse dat dit ook vir die skoolgaande kind die grondslag van belangstelling in die geskiedenis sal lê.
- ★ Om opstelwedstryde te reël vir verskillende ouderdomsgroepe in die laer- en middelbare skool en vir universiteitstudente.

Die bestuur van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika tref tans reëlins vir die eerste kongres van die Genootskap wat op 4 en 5 Oktober 1956 in die Voortrekkergedenksaal, Pretoria, gehou sal word. Behalwe dat aktuele probleme in verband met die onderrig van geskiedenis bespreek sal word, sal ook ernstige aandag aan die verdere uitbouing van die Genootskap gegee word. 'n Dringende beroep word op alle belangstellendes oor die hele land gedoen om, indien enigsins moontlik, die kongres by te woon. Volledige besonderbede sal mettertyd verskaf word.